

14 Maart

Skrifgedeelte: 2 Konings 4:1-7 en Jakobus 1:27

Dankbaarheid word gesien in barmhartigheid

In die tyd van Elisa was daar 'n weduwee van 'n profeet en haar twee seuns wat in nood was. Sy staan in haar vertroue op God teenoor dié deel van die volk wat hulle besittings liefgekry het. Die diepte van Israel se wegdwaling van die Here blyk uit die nood van hierdie vrou. Die skuldeiser, 'n mede-Israeliet en 'n volksgenoot, het gekom en gedreig om haar twee seuns te verslaaf. God het Israel uit diepe barmhartigheid uit slawerny gered en daarom mag geen lid van die volk ooit deur nood weer 'n slaaf geword het nie. Israel se dankbaarheid moes hulle barmhartig gemaak het. Hulle het die volgende opdrag vir hulle dankbaarheidslewe gekry: Aan die einde van drie jaar moet jy uitbring al die tiendes van jou opbrings in die jaar en dit in jou poorte wegsit; dan moet... die wees en die weduwee wat in jou poorte is, [kom] en hulle moet eet en versadig word, sodat die Here jou God jou kan seën..." (Deut 14:23-26 (OAV)). In die klag van hierdie weduwee hoor ons eintlik hoe sleg dit met die geloofslewe van Israel gesteld was. Die kerk van God het by uitstek materialiste geword. Hulle het van God se barmhartigheid teenoor hulle vergeet. God se barmhartigheid teenoor ons in Jesus Christus is baie ryker as dié teenoor Israel. Mag ons nooit soos Israel van sy barmhartigheid vergeet en bo-oor die nood van wees en weduwee kyk nie! Kom ons sorg uit dankbaarheid goed vir ons diakonale instellings (kinderhuise en ouetehuse).

Sing: Psalm 68:3 Ds DJ Bakker (Boksburg)